# HOëRSKOOL PORTERVILLE

**Posbus 22**
**PORTERVILLE**
**6810**
**Tel: (022) 931 2174**
**Faks: (022) 931 3321**
**e-pos: sekretaresse@porterhs.co.za**

**Gestig 1870**

**6 Desember 2013**

**Kwartaalbrief 4/2013**

**Geagte Ouers**

## 1. *DIE HOOF EN PERSONEEL AAN DIE WOORD*

*Die vakansie het uiteindelik vir almal begin! Baie dankie aan elkeen wat opgeoffer het, diens gelewer het en vorentoe gelewe het in belang van HSP!*

*Ons innige dank aan ons Hemelse Vader wat ons die afgelope jaar geseën het met die keur van Sy seëninge.*

*Baie dankie ook aan al ons ouers en vriende vir bydraes, opofferings, ondersteuning en meelewing. Julle het help kap, beitel, skuur en poleer sodat ons met 'n baie suksesvolle, voorspoedige en geseënde 2013 kan afsluit.*

*Ons glo ons Matrieks sal ons, soos altyd, nie teleurstel nie!*

## *2. BEHEERLIGGAAM 2013*

*Ons beheerliggaamlede vir die ampstermyn is:*

| | |
|---|---|
| *Voorsitter/Finansies:* | *Francois Swanepoel (Mnr. Swanepoel vervang mnr. Leon Nel as voorsitter vanaf September 2013).* |
| *Onder-voorsitter/ Sekretaris:* | *Willie Opperman* |
| *Skoolhoof:* | *Willem Engelbrecht* |
| *Opvoeders:* | *Marietjie Potgieter* |
| | *Jaco Lourens* |
| *Ouers:* | *Ferdi Breytenbach* |
| | *Ludwig Behm* |

*W.G. Treurnicht*
*Sandra Vlok*

*Gekoöpteerde lid:* *Dirk Olivier*

*Nie KS-Opvoeder:* *Glenda Verwey*

*Ons wil net baie dankie sê vir die tyd wat elkeen afgestaan het aan vergaderings ten einde belangrike besluite rakende ons skool te kon neem.*

***KONVENORS 2013***

*Ons Konvenors vir 2013 was:*

*Amanda Gloyne (Hoof Konvenor), Mariëtte van Deventer (Hulp Konvenor), Carin Dorrington, Miekie van Baalen, Lerina Nel, Penny du Bois, Izelle Fourie, Karen Richter, Hanlie Horne en Aletia van der Meulen.*

*Baie dankie vir julle hulp gedurende die jaar. Wees verseker dat ons dit opreg waardeer.*

## *4. RAPPORTE EN ASSESSERINGSVERSLAE*

*Gedurende die afgelope jaar het ons leerders baie goed presteer. Baie geluk aan u as ouers met u kind (ers) se prestasies op akademiese gebied.*

## *5. KWYTSKELDING VAN SKOOLFONDS & SUBSIDIE VIR KOSHUIS*

*Hierdie vorms is by Mev. Alet Kriel beskikbaar. Die vorms moet reeds teen **31 Januarie 2014** volledig voltooid by Mev. Kriel ingehandig wees.*

## *6. MATRIEKEKSAMENUITSLAE*

*Eindeksamenuitslae kan persoonlik deur kandidate by die skool afgehaal word op **Dinsdag, 7 Januarie 2014, om 12:00.** Geen uitslae mag voor 12:00 aan leerders bekend gemaak word nie.*

*Uitslae sal ook elektronies beskikbaar wees op die volgende webwerf: **wced.school.za.** Kandidate sal hul **eksamennommer** en hul **identiteitsnommer** moet invoer. Die uitslae sal op **Woensdag, 8 Januarie 2014** in die pers gepubliseer word. Op **Dinsdag, 14 Januarie 2014 om 10:00** sal daar 'n NSS Toekenningseremonie by Leeuwenhof plaasvind.*

*Bogenoemde datums en tye is teikendatums en dus tentatief. Indien dit noodsaaklik sou wees om van hierdie reëlings af te wyk, sal inligting hieroor in die pers verskyn. Hou die pers dop vir enige verandering.*

## *7. PERSONEEL*

***Ons groet ...***

- *Juf. O'Dine Cruywagen*
- *Mnr. Glyn Pieterse*

*Ons sê dankie aan bogenoemde kollegas vir hulle wonderlike gesindheid waarmee hulle HSP gedien het en wens hulle alles van die beste toe op hulle lewenspad vorentoe.*

***Ons verwelkom …***

- *Me. Carla Vorster (Gr. 10-12 Afrikaanse Opvoeder)*
- *Me. Theani Visagie (Gr. 1 Opvoeder)*
- *Mnr. Jeandré Eygelaar (Gr. 10-12 Rekeningkunde/Sakestudie Opvoeder)*

## *8. BOEKEKAMER & KLEREWINKEL*

*Die boeke- en die klerewinkel sal op die volgende dae oop wees:*

| *DATUM* | *KLEREWINKEL* |
|---|---|
| *Maandag, 13 Januarie 2013* | *09:00 - 12:00* |
| *Dinsdag, 14 Januarie 2013* | *09:00 - 14:00* |
| *Woensdag,15 Januarie 2013* | *07:15 - 07:45* |

*Klerewinkeltye vir die eerste kwartaal in 2014 is soos volg:*

*Maandae : 07:15 – 07:45*
*Dinsdae : 13:45 – 14:15*
*Donderdae : 13:45 – 14:15*

## *9. SKOOLTYE VIR 2014*

*Die skool heropen op* ***Woensdag, 15 Januarie 2014 om 07:30.*** *Die skooltye vir die HELE JAAR is soos volg:*

***Graad 1 : 07:30 - 13:00***
***Graad 2 – 12 : 07:30 - 14.00***

*Ons werk steeds op die **Maandag tot Vrydagrooster**. Die Religie (VCSV) periode vind soos gewoonlik elke Woensdagoggend plaas.*

*Ons week lyk soos volg:*

| | | |
|---|---|---|
| *Maandae* | : | *Saal en 7 akademiese periodes* |
| *Dinsdae* | : | *8 akademiese periodes* |
| *Woensdae* | : | *Religie en 7 akademiese periodes* |
| *Donderdae* | : | *8 akademiese periodes* |
| *Vrydae* | : | *8 akademiese periodes* |

## *10. SKOOLDRAG*

*Ons herinner u daaraan dat leerders vanaf die eerste skooldag somersdrag aantrek. Ter wille van die nuwe ouers noem ons weer die somersdrag:*

*Dogters:* *Somerskoolrok*
*Kort wit sokkies en swart skoolskoene*

*Seuns:* *Grys kort- of langbroek*
*Wit oopnekhemp*
*Grys HSP-kouse en swart skoolskoene*

*Laerskoolleerders vanaf graad 1 - 7 mag in die somer kaalvoet skool toe kom.*
*Indien dit koud is:*
*Hoërskool - skooltrui/oortrektrui (pullover) met skoolbaadjie*
*Laerskool - skooltrui of skoolsweetpakbaadjie en skoolskoene*

## *11. OUERAAND*

*Daar sal 'n belangrike oueraand op Dinsdag, 21 Januarie 2014 gehou word. U sal later meer besonderhede ontvang.*

## *12. SKOOLKALENDER VIR 2014*

| ***Termyn*** | ***Open*** | ***Sluit*** |
|---|---|---|
| ***Eerste*** | *13 Januarie (opvoeders)*<br>*15 Januarie (leerders)* | *28 Maart* |
| ***Tweede*** | *07 April* | *27 Junie* |
| ***Derde*** | *21 Julie* | *03 Oktober* |
| ***Vierde*** | *13 Oktober* | *10 Desember (leerders)*<br>*12 Desember (opvoeders)* |

## *13. SKOOLFONDS EN KOSHUISLOSIES*

*Die skoolfonds kan as volg betaal word:*

- *Die totale bedrag van R8000 minus R200 korting = R7800 voor 28 Februarie 2014 te betaal, of*
- *Die bedrag van R500 in Januarie en vanaf Februarie die bedrag van R750 per maand x 10 maande af te betaal, en wel die betaling op die einde van elke maand te doen, of*
- *Die bedrag van R1125 (R500 + R625) in Januarie en vanaf Januarie tot Desember die bedrag van R625 x 11 maande af te betaal, en wel die betaling op die einde van elke maand te doen, deur dit per aftrekorder te betaal.*

*Indien u omstandighede van so 'n aard is dat u nie volgens die verskillende opsies kan betaal nie, moet u ons asseblief skriftelik in kennis stel, gerig aan die Skoolhoof en ons sal dan met u in gesprek tree.*

*Die Beheerliggaam wil 'n ernstige beroep op u doen om sover moontlik die skoolfonds per aftrekorder te betaal. Aftrekorders moet direk by die bank gereël word en die eerste betaling moet gedurende Januarie plaasvind. Ons herinner ook dié ouers wat reeds van aftrekorders gebruik maak, om dit asseblief by die bank te verander, sodat dit vanaf Januarie verhoog word.*

*Die skool se bankbesonderhede vir aftrekorders is soos volg:*

| | | |
|---|---|---|
| *Bank* | *:* | *ABSA, Porterville* |
| *Takkode* | *:* | *334407* |
| *Rekeningnommer* | *:* | *2100390046* |
| *Rekeningnaam* | *:* | *Hoërskool Porterville* |
| *Tipe Rekening* | *:* | *Tjekrekening* |

*Indien u van Internetbetaling gebruik maak, moet u asseblief u kind se naam en van op die inbetalingstrokie meld.* ***Faks alle inbetalingstrokies aan Mev. Kriel by 022 931 3321.***

*Daar is ongelukkig steeds skoolfonds vir 2013 uitstaande. Ons wil almal wat die afgelope maand rekeninge ontvang het, ernstig versoek om asseblief die rekeninge te vereffen* ***voor 31 Desember 2013.***

### ***Koshuislosies 2014***

*Die losiesgeld van Huis van Riebeeck vir 2014 is R2700 per leerder per kwartaal. Die fooi is vooruit betaalbaar vir die kwartaal. Indien u dit oorweeg om die losiesgeld per aftrekorder deur die bank te betaal, is die bankbesonderhede soos volg:*

| | | |
|---|---|---|
| *Bank* | *:* | *Absa, Porterville* |
| *Takkode* | *:* | *334407* |
| *Rekeningnommer* | *:* | *2100 1429 13* |
| *Rekeningnaam* | *:* | *Huis van Riebeeck* |
| *Tipe Rekening* | *:* | *Tjekrekening* |

## *14. KWARTAALOORSIG*

### *14.1 Kunsuitstalling*

*'n Kunsuitstalling van Carin Dorrington se studente is in die saal gehou. Dit is wonderlik om te sien hoe talentvol ons kinders is, en hoe bevoorreg ons is om mense te hê wat kwaliteit onderrig kan gee. Geluk met 'n baie mooi uitstalling!*

### *14.2 Uitnodigingsgala*

*'n Baie suksesvolle uitnodigingsgala is by ons swembad gehou. Hier was 8 skole wat deelgeneem het.*

## *15. BUITEMUURSE PRESTASIES VIR DIE KWARTAAL*

### *15.1 Wes-Boland L/S Tennis*

*Hendrik Louw is gekies vir die Wes-Bolandspan.*

### *15.2 Wes-Boland H/S Tennis*

*Belinda Richter (O/15) en Elsa Richter (O/17) is gekies vir die Wes-Bolandspan.*

### *15.3 Wes-Boland Krieket*

*Hendrik Louw is gekies vir die O/13 Wes-Boland Krieketspan.*

### *15.4 Swartland Atletiekbyeenkoms*

*Die volgende leerders het medaljes ontvang:*

*Anandie Burger (100mH), Glen-Brey Fortune (VS, 110mH), Mardi Breytenbach (HG, DG) & Wilberd Waterboer (100m, 200m)*

## *16. KAMPE & UITSTAPPIES*

### *16.1 VRL-kamp*

*Die nuutverkose Hoërskool VRL was gedurende die naweek van 11 – 13 Oktober na Langebaan vir 'n leierskapopleidingskamp. Baie dankie aan Mnr. Lourens vir die leiding wat hy neem met die VRL.*

### *16.2 VCSV kamp*

*Die VCSV kringleiers is na Bridgetown vir 'n opleidingskamp.*

### *16.3 Graad 7-opvoedkundige Toer*

*Ons graad 7-klas het weereens 'n baie suksesvolle en geslaagde toer geniet.*

## *17. KAPTEINE & DIRIGENTE*

### *Kapteine*

*Huis Bastiaanse : Jaydian Doman & Mardi Breytenbach*

*Huis McClean : Jan-Louis Nortjé & Bianca Mackriel*

*Huis Pienaar : Reinhardt Wessels & Lize Simon*

### *Dirigente*

*Huis Bastiaanse : Gino Fredericks, Gail Faro & Austin Fredericks*

*Huis McClean : Cas Mouton, Johan Haasbroek & Marietjie Hagen*

*Huis Pienaar : Thembela Sifile, R.W. van Uys & Keanu Patience*

## *18. SWEM*

*Die volgende leerders behaal plekke in die Swartland Swemklub Spring Challenge wat op 29 November gehou is.* ***(Alle skole in die Weskusstreek is na hierdie gala uitgenooi).***

| *Danelle Behm* | | *Jani van der Merwe* | |
|---|---|---|---|
| *50m Vlinderslag* | *- 1ste plek* | *50 m Vlinderslag* | *- 2de plek* |
| *50m Rugslag* | *- 3de plek* | *50m Rugslag* | *- 1ste plek* |
| *50m Borsslag* | *- 1ste plek* | *50m Borsslag* | *- 2de plek* |
| *50m Vryslag* | *- 1ste plek* | *50m Vryslag* | *- 1ste plek* |

## *19. KWARTAALPROGRAM*

*Aangeheg is die middagrooster en 'n voorlopige jaarprogram vir 2014. Neem asseblief kennis dat dit onderhewig is aan verandering.*

***Mag julle baie seën in die Feestyd ervaar en mag 2014 vir een en elk 'n wonderlike jaar wees - vol liefde, geluk en vrede!***

*'n Geseënde Kersfees en voorspoedige Nuwejaar word u toegewens. Geniet die vakansie saam met u kind/ers.*

*WILLEM ENGELBRECHT*
***SKOOLHOOF***

# EINDE VAN DIE JAAR ...

Dit is alweer sulke tyd - ek dink ons almal wonder hoe ons hierdie stoomtrein met die naam TYD kan keer om met ons weg te hardloop. Die jaar 2013 kom snel tot sy einde - 'n jaar van sukses by Hoërskool Porterville. Hier koppel ons nie sukses aan die hoeveelheid trofees en balkies wat ons ontvang nie. Dit is nie oor die bekendheid en roem van 'n enkele leerder nie. Hier weet ons dat sukses van een persoon hom nie bo ander mense stel nie. Vir ons is sukses die uitdeel van liefde aan ons medemens. Hoërskool Porterville leer ons dat die wenresep vir sukses is om iets te doen waaroor ons hartstogtelik is. Om elke dag aan ons drome vas te hou en nooit op te gee nie, wat die omstandighede ook al mag wees! Om 'n balans te skep tussen vriende, geesteslewe en ontspanningsaktiwiteite. Om aksie te neem anders sal niks ooit gebeur nie. Om te probeer is belangriker as om sukses te behaal, deur optimisties te wees en deur te druk. Sukses gaan nie net oor die poging om te wen nie, maar met geloof in onsself en in God.
Ons wens is om in die komende jaar as skool nog meer te groei en voort te bou op uitmuntende prestasies en beginselvaste tradisies. Onthou altyd waar jou seëninge vandaan kom en om daarvoor dankie te sê en onthou as jy jou bes doen sal God die res doen! Mag julle gedagtes vir die volgende jaar vol briljante en selfs geniale drome wees.

Geniet die welverdiende ruskansie tot ons genadiglik weer ontmoet in 2014!

Sekretaresse HSP